# ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde





Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Februarie 2025

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde Publikasie

**REDAKTEUR**
Elbie Els
eels@sun.ac.za

**SKRYWERS**
Elbie Els
Prof Michael le Cordeur
Prof Mbulungeni Madiba
Dr Chrischar Rock
Delecia Davids
Tyrese Human
Nerisha Jagwanth

**VERTALING & REDIGERING**
Taalsentrum

**GRAFIESE ONTWERP & UITLEG**
Elbie Els

**DRUKWERK**
African Sun Media

**VOORBLADFOTO**
Stefan Els

**Voorbladfoto van links na regs:**
**Agterste ry:**
Victoria Nel
Zoe-Grace Bennet
Llewellyn van der Ross
Charity Matiwane
**Voorste ry:**
Prof Liezel Frick (Visedekaan Navorsing)
Prof Mbulungeni Madiba (Dekaan)
Prof Michael le Cordeur
(Visedekaan Onderrig & Leer)

*Die menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur, Fakulteit Opvoedkunde of Universiteit Stellenbosch nie.*

# VAN DIE REDAKTEUR




Dit is die opregte liefde vir opvoedkunde en kinders wat merkwaardige onderwysers en opvoeders anders maak. Onderwysers het elke dag die geleentheid om 'n verskil in iemand se lewe te maak soos Mieke Matthee (bl. 16) gesê het. Dit is studente, graduandi en onderwysers soos sy wat die wêreld 'n beter plek maak. Dit is ook mense soos prof Michael le Cordeur (bl. 27) wat sy loopbaan daaraan gewy het om 'n positiewe impak te maak en wat selfs na sy aftrede 'n verskil sal maak.

Ek hoop jy word geïnspireer deur die stories in hierdie uitgawe en vind die moed om jou eie drome na te streef.

Kontak my met nuusgebeure by:
eels@sun.ac.za

Hierdie uitgawe is in Engels en Afrikaans op die Fakulteit Opvoedkunde se webwerf beskikbaar.

**Elbie Els**
*Fakulteit Opvoedkunde Bemarking & Kommunikasie*



# inhoud


Voorwoord: Afskeidsboodskap Visedekaan Onderrig & Leer ........ 4

Boodskap: Dekaan ........ 7

**GRADUANDI**

Meer as 500 studente vang graad ........ 8

Hernuwing van US se akademiese drag ........ 9

Provinsiale Beste Onderwyserstoekenning vir Llewellyn van der Ross ........ 10

2024 Graduandi besin oor hulle akademiese reis ........ 12

**STUDENTE**

Tedx StellenboschED-geleentheid ........ 14

Harde werk beloon ........ 16

Opvoedkunde Studentekomitee ........ 18

'n Dans om te onthou vir die vierdejaars van 2024 ........ 19

Onderwysers se stemme maak saak ........ 20

Dosent van die jaar 2024 aangewys ........ 23

**PERSONEEL**

Aftrede: Dr Erna Lampen ........ 25

Aftrede: Sarie Wilbers ........ 26

Aftrede: Prof Michael le Cordeur ........ 27

Bewusmaking deur Sosiale Impak-week ........ 30

Gepubliseerde boeke 2024 ........ 32

# VOORWOORD:
# **Afskeidsboodskap Visedekaan: Onderrig & Leer**

Ek het verskeie mentors gehad: Mej Sarena Samaai het my geleer hoe waardevol lees as 'n bemagtigende vaardigheid kan wees; op hoërskool het Ivan Samaai my geleer om *nooit op te gee nie*; my Afrikaans-professor, Jakes Gerwel, het 'n lewenslange liefde en geesdrif vir Afrikaanse letterkunde by my aangewakker; my filosofie-professor, Adam Small, het my besiel om 'n skrywer te raak; Franklin Sonn het vir my die politieke spel in Suid-Afrika uiteengesit; en my opvoedkunde-dosent, Brian O'Connell, het die belangrikheid van harde werk deurlopend beklemtoon.

Ek was bevoorreg om tyd saam met soveel gerekende leiers deur te bring. Hulle het my denke geslyp en my sin vir geregtigheid gevorm. Deur hulle het ek tot die besef gekom dat alle mense gelyk is en gelyke behandeling verdien. Maar hoe doen ons dit as nie eens die Harvards en Cambridges van hierdie wêreld kan verhoed dat vooraanstaande wêreldleiers oorlog teen onskuldige kinders verklaar nie? Hoe skep ons vrede en liefde as die magtigste nasies mekaar met kernbomme dreig?

Ek haal een van my mentors, Brian O' Connell, aan: *"Hoe reageer 'n mens op hierdie wêreld wat so veranderlik is, waar die ys smelt en daar droogte in die Amasone-opvanggebied is en waar die oorloë om olie binnekort deur oorloë om water vervang sal word? Hoe bring 'n mens doeltreffende gesondheidsdienste tot stand wanneer mense te lank lewe om deur die welsynsbegrotings van die staat gedra te word; wanneer virusse slimmer word; wanneer die rykes ryker word en die armes desperaat raak?"* So desperaat dat buitelanders ons grense onwettig oorsteek op soek na diamante en goud – twee kilometer ondergronds – lank nadat die rykes daardie selfde myne reeds prysgegee het?

Vir my lê die antwoord op die meeste van ons vrae in opvoeding en harde werk. Mandela het gesê: *"Opvoeding is die magtigste wapen om ons wêreld te verander."* Dit is waarom ons werk as dosente, wie se verantwoordelikheid dit is om bevoegde onderwysers in die samelewing in te stuur, so deurslaggewend is.

Confucius het gesê: *"Kies 'n werk wat jy lief het en jy sal nooit in jou lewe hoef te werk nie."* Ek was geseën met 'n werk wat ek waarlik liefhet. My liefde vir kinders, onderwys en tale, veral my moedertaal, Afrikaans, was sodanig dat ek met passie onderrig kon gee. Om die waarheid te sê, as daar een ding is wat ek *sal* mis, is dit my interaksie met studente. Die jeug besiel my net. Hulle het soveel om te gee, soveel talent en energie dat ek nog altyd wonder waarom ons huiwer om jongmense in diens te stel.

Vandag is dit presies 45 jaar gelede dat ek my eerste graad verwerf het: 'n BA in tale aan die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) – destyds die enigste universiteit waar bruin mense toegelaat is. Die UWK het nie oor 'n lokaal beskik om die gradeplegtigheid aan te bied nie; dus het die seremonie in die Goeie Hoop-sentrum plaasgevind. Die hoofspreker was dr Anton Rupert. Hy het uit Aristoteles aangehaal: "*Uitnemendheid is nie 'n enkele daad nie. Dit is 'n lewenswyse".* Sedertdien het ek hierdie aanhaling as my eie lewensfilosofie aangeneem. Komende uit 'n arm familie en met my drome van 'n skrywer en 'n professor raak, het ek besef dat daar geen goud en diamante op my wag nie – dat harde werk die enigste manier was om my drome te bewaarheid. En dis hoe dit dan ook was. En ek het nooit teruggekyk nie.

My laaste woorde aan u is in my moedertaal; die woorde van Afrikaans se grootste digter, Van Wyk Louw: "*O Heer, laat hierdie dae Heilig word: laat alles val wat pronk en sieraad was*" (*Vroegherfs)*

Ek laat u met die woorde van Brutus in Shakespeare se Julius Caeser:
*"And whether we shall meet again, I know not.*
*Therefore, let's say an everlasting farewell.*
*Farewell, forever and forever, Cassius!*
*If we do meet again, we will smile.*
*If not, then we have parted well."*

Baie dankie. Soekran. Thank you. Enkosi.

**Michael Lucien Arnaud le Cordeur**
(15 Desember 2024)



FOTO: Stefan Els




FOTO: Stefan Els

# BOODSKAP: **Dekaan**



Aan die begin van hierdie nuwe jaar, wil ek graag ons personeel en studente hartlik bedank en verwelkom. U onwrikbare toewyding en samewerking het ons sukses bepaal en dit is met groot trots dat ek oor die merkwaardige prestasies van die afgelope jaar besin en uitsien na die opwindende geleenthede wat voorlê.

Die afgelope jaar was transformerend vir ons Fakulteit en is gekenmerk deur verskeie mylpale en prestasies. Onder die hoogtepunte van 2024 was die gradeplegtigheid van ongeveer 570 studente in Desember, met 500 voorgraadse studente, ongeveer 70 honneursstudente, nege magisterstudente en vier doktorale studente wat afgestudeer het. Hierdie prestasie beklemtoon die harde werk van ons studente en die onwrikbare ondersteuning van ons akademiese en administratiewe spanne.

Ons Fakulteit se navorsingsuitsette floreer steeds en word versterk deur sterk mentorskapsprogramme en internasionale medewerking. Hierdie inisiatiewe versterk nie slegs ons reputasie as 'n navorsingsintensiewe fakulteit nie, maar dra ook tot globale kennisproduksie by, deur die aanpak van deurslaggewende kwessies in opvoedkunde en verder.

Teen die agtergrond van die finansiële uitdagings in hoër onderwys het ons Fakulteit veerkragtigheid en toekomsbeplanning aan die dag gelê. Stewige begrotingstoewysings het die volhoubaarheid van ons bedrywighede verseker, wat ons in staat gestel het om in ons mense, infrastruktuur en strategiese projekte te belê. Hierdie pogings beklemtoon ons toewyding tot die aankweek van 'n stabiele en ondersteunende omgewing vir onderrig, leer en navorsingsuitnemendheid.

Met die momentum van 2024 as grondslag, is ons Fakulteit gereed vir 'n impakvolle jaar wat voorlê. Die Fakulteit se strategiese beplanning-werksessie, wat teen die einde van verlede jaar gehou is, het gedien as 'n deurslaggewende geleentheid om ons pogings om Visie 2030 te bewerkstellig, te belyn. Die werksessie se klem op besinning, innovasie en toekomsgereedheid het ons toewyding tot akademiese uitnemendheid en maatskaplike impak herbevestig. Hierdie vooruitdenkende benadering sal ons prioriteite en inisiatiewe in 2025 rig. **Die hoof- strategiese prioriteite vir die jaar sluit in:**

- **Die uitbreiding van mentorskapsprogramme en finansiering vir postdoktorale navorsers**: Hierdie pogings is daarop gemik om 'n kultuur van akademiese uitnemendheid en innovasie aan te kweek, wat die ontwikkeling van die volgende geslag vakkundiges ondersteun.
- **Die versterking van ons taakspan vir internasionalisering**: Deur globale vennootskappe en medewerkingsgeleenthede in navorsing en onderrig te versterk, beoog ons om ons posisie as 'n fakulteit met wêreldwye verbintenisse te verstewig.
- **Die integrasie van kunsmatige intelligensie (KI) en digitale werktuie**: Hierdie tegnologieë sal in ons onderrigpraktyke opgeneem word om opvoedkundige lewering te moderniseer en ons graduandi vir 'n digitaal-gedrewe wêreld voor te berei.
- **Die bekendstelling van innoverende inisiatiewe**: Nuwe programme soos vroeë kinderontwikkeling (VKO) en 'n hibridiese Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) sal ons aanbiedinge verruim en aan die veranderende behoeftes van die onderwyssektor voldoen.
- **Die operasionalisering van twee nuwe nagraadse diplomas deur SUNSEP**: Programme in wiskunde-onderwys en wetenskaponderwys weerspieël ons verbintenis tot responsiewe kurrikulumontwerp wat op kritieke vaardigheidstekorte gemik is.
- **Die verkenning van 'n nuwe program vir BEd (Senior Fase)**: Hierdie inisiatief sal fokus op opkomende vakgebiede soos kodering en robotika, en verseker dat ons graduandi toegerus sal wees om in dinamiese en toekomsgerigte vakke onderrig te gee.
- **Die operasionalisering van die IKT-innovasiehubprojek**: Hierdie projek sal die Fakulteit as 'n leier op die gebied van die integrasie van die jongste tegnologieë in onderrig en leer posisioneer.

Waar ons aan die begin van hierdie nuwe hoofstuk staan, wil ek elkeen van u aanmoedig om steeds met dieselfde passie en toewyding wat ons tot op hierdie punt gebring het, tot ons gedeelde visie by te dra. Saam sal ons verseker dat die Fakulteit Opvoedkunde 'n transformerende mag in hoër onderwys bly, wat innovasie aandryf, inklusiwiteit aankweek, en ons graduandi voorberei om die uitdagings van 'n snel veranderende wêreld te trotseer.

Vriendelike groete
**Prof Mbulungeni Madiba**

# Meer as 500 studente **vang graad**

Op 13 Desember 2024 het omtrent 570 Fakulteit Opvoedkunde-studente graad gevang. Dit sluit studente in wat 'n Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (BEd), honneurs-, magister- of doktorsgraad, of Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) ontvang het. Graduandi en personeel het by die Fakulteit bymekaar gekom om dit te vier.














# Vernuwing van US se akademiese drag

In sy verbondenheid tot transformasie en regstelling, het die US 'n omvattende handelsmerkvernuwingsprojek van stapel gestuur om ons Universiteit se visie te ondersteun om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder.

As deel van die gefaseerde operasionalisering van die handelsmerkvernuwing het die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking saam met die Registrateursafdeling die vernuwing van die US se akademiese drag onderneem. Die nuwe akademiese drag dien as 'n uitbreiding van die Universiteit se visuele identiteit en spog met helder kleure, unieke patrone en materiaal van hoë gehalte wat die US se navorsingsfokusgebiede, verbintenis tot uitnemendheid, ons vasteland van Afrika en sy uiteenlopende kulture weerspieël. Daar is vir elke fakulteit 'n unieke patroon ontwerp met elemente wat met die fakulteit verband hou.

*Foto: Prof Liezel Frick (Visedekaan: Navorsing), Prof Mbulungeni Madiba (Dekaan) en Prof Michael le Cordeur (Visedekaan: Onderrig en Leer) in die nuwe US akademiese drag. Die unieke Fakulteit Opvoedkunde patroon is op die dekaan se toga borduur.*




*FOTO: Stefan Els*

# Provinsiale Beste Onderwyserstoekenning vir Llewellyn van der Ross

In 2024 het Llewellyn van der Ross die Beste Onderwyserstoekenning in die Wes-Kaap ontvang soos aangekondig deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Hy het ook in Desember 2024 met 'n meestersgraad aan die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch, gradueer.

**Hoe lank gee jy al onderwys?**
Ek staan al sewe jaar lank in die onderwysberoep, met toewyding besig om die leer en ontwikkeling van jong breine te bevorder.

**Wat het jou motiveer om 'n onderwyser te raak?**
My passie vir die onderwys spruit uit 'n begeerte om 'n betekenisvolle impak op leerders se lewens te hê. In my grootwordjare is ek geïnspireer deur onderwysers wat my potensiaal raakgesien en dit gekoester het. Ek wou dieselfde vir ander doen en voorligting en aanmoediging bied wat die verloop van hulle lewens kon verander.

**Vertel asseblief oor jou inisiatiewe by die skool waar jy tans skoolhou.**
Dit was my voorreg om aan die hoof van verskeie impakvolle inisiatiewe by my skool te staan. Dit was alles gemik op die opbou van geletterdheidsvlakke en die aankweek van 'n liefde vir lees om leesbegrip te verbeter; veral gegewe die onlangse leerverliese weens die pandemie. Ek het die eerste Cape Argus-vasvra bekendgestel, wat betrokkenheid by aktuele sake en algemene kennis aankweek. Ek reël jaarlikse spelkompetisies en skep sodanig 'n omgewing waarin geletterdheid en taalvaardighede gevier word. Ek het ook 'n "Lees vir Betekenis"-inisiatief begin om begripsvaardighede, 'n deurslaggewende aspek van leerdersukses, te versterk. Ek het 'n leesklub as buitemuurse aktiwiteit begin, wat leerders in staat stel om letterkunde in 'n ondersteunende en genotvolle omgewing te verken. Ek bied skryfwerksessies vir onderwysers regdeur die provinsie aan en fasiliteer die "Hoe om Lees vir Betekenis te Onderrig"-werksessie om opvoeders in die ontwikkeling van sterk leesbegripsvaardighede te bemagtig. Ek werk saam met ons plaaslike biblioteek en EDULIS, die biblioteek van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys, om leerhulpbronne en geleenthede uit te brei. Voorts het ek tegnologie deur digitale verhaalkuns by taallesse geïntegreer, wat die leerders se betrokkenheid en kreatiewe uitdrukking verryk.

**Wat laat jou ten spyte van uitdagings volhard?**
Ek word aangespoor deur die geloof dat elke leerder oor potensiaal beskik. Selfs in die aangesig van uitdagings, bied die wete dat ek 'n verskil in 'n leerder se lewe kan maak aan my die veerkragtigheid om te volhard. Die beloning van sien hoe leerders hindernisse oorkom, hou my gefokus en gemotiveerd.

**Enige raad aan jong onderwysers wat pas hulle loopbane begin het?**
Ek sou jong onderwysers aanraai om aanpasbaar en oop vir voortgesette leer te bly. Die opbou van sterk verhoudings met leerders is deurslaggewend; sodra vertroue gevestig is, kan doeltreffende leer floreer. Laastens, onthou dat dit tyd neem om te groei – vir leerders en jouself.

**Waarom het jy besluit om 'n meestersgraad aan die US te doen?**
Ek het die Universiteit Stellenbosch gekies vir die hoog aangeskrewe Fakulteit Opvoedkunde en die Universiteit se verbintenis tot impakvolle navorsing. Die US bied 'n platform waar ek op plaaslike en globale skaal met kritieke opvoedkundige kwessies kan omgaan, wat my toerus om 'n selfs beter opvoeder te wees. In 2023 was ek geëerd om deur my studieleier, professor Christa van der Walt, gekies te word om internasionale navorsing oor meertaligheid by die Humboldt Universiteit in Berlyn, Duitsland, te gaan doen, wat my perspektief verryk en my verbintenis tot inklusiewe onderwyspraktyke verdiep het.

**Toekomsplanne of doelwitte vir jou loopbaan?**
Ek oorweeg dit om in die toekoms 'n PhD aan die Universiteit Stellenbosch aan te pak. Ek droom al lank daarvan om vir hierdie vooraanstaande instelling te werk en sou graag as dosent by die Fakulteit Opvoedkunde wou aansluit, terwyl ek my studies afhandel. My doelwit is om 'n betekenisvolle bydrae tot onderwysbeleid en -praktyk in Suid-Afrika te lewer, veral ter ondersteuning van onderwysers.

**Hoe voel jy oor onderwys in Suid-Afrika?**
Onderwys in Suid-Afrika moet talle uitdagings trotseer, waaronder hulpbronongelykhede en leerverliese. Ek is egter optimisties oor die veerkragtigheid van ons opvoeders en leerders. Met voortgesette ondersteuning en geteikende hervorming, glo ek dat ons transformerende verandering teweeg kan bring.

**Wat sal jou as onderwyser met jou dagtaak help?**
Ondersteuningstelsels wat die welstand en voortgesette professionele ontwikkeling van die onderwyser voorop stel, is noodsaaklik. Toegang tot hulpbronne en tegnologie in die klaskamer het ook 'n beduidende impak op daaglikse onderrigdoeltreffendheid en maak meer betrokke, leerdergerigte leerervarings moontlik.




FOTO: Stefan Els

# 2024 Graduandi besin oor hulle akademiese reis

*Educatio* het 'n paar van die Fakulteit se Toppresteerders uitgevra oor die ervarings en hoogtepunte van hulle studiejare.



**Zoe-Grace Bennett**

Oor die afgelope vier jaar was my reis aan die Fakulteit Opvoedkunde transformerend en vervullend. Ek sal die groei-oomblikke altyd waardeer – hetsy die medewerking met personeel en eweknieë, betrokkenheid by leierskapsrolle, of as 'n leerlingonderwyser die klaskamer betree, waar ek die voorreg gehad het om met leerders te skakel en hulle potensiaal te vorm deur 'n liefde vir leer aan te kweek.

Van die mees kosbare oomblikke op my reis was die geleenthede om met passievolle individue saam te werk, wat uitnemendheid in ons Fakulteit aankweek, akademiese mylpale saam vier en blywende vriendskappe en verhoudings smee, en wat my lewe op tallose wyses verryk het.

Dit het dissipline, 'n duidelike sin van doelgerigtheid en passie vir diens aan ander geverg om my studies met my leierskapsverantwoordelikhede te balanseer. Hieruit het ek waardevolle lewenslesse geleer, soos hoe belangrik deursettingsvermoë, verantwoordbaarheid en die vermoë om deur optrede te inspireer, is.

Vir die volgende hoofstuk van my reis pak ek 'n opwindende nuwe avontuur aan deur my studies in die Fakulteit voort te sit. Hierdie keuse weerspieël my verbintenis tot die vorming van jong breine en my onwrikbare geloof in die lewensveranderende mag van opvoeding.

Ek wil my vriende en eweknieë aanmoedig om elke geleentheid wat oor hulle pad kom, aan te gryp, om met deernis en moed te lei, en om nooit hulle drome op te gee nie – want met toewyding, moed en 'n passie deur doelgerigtheid aangevuur, kan jy meer bereik as wat jy ooit gedink het. Dankie, US Fakulteit Opvoedkunde!



**Hannah Cable**

Een van die grootste voorregte en seëninge wat ek nog ontvang het, was die geleentheid om onderwys aan die Universiteit Stellenbosch te studeer. Ek kon nie slegs my passie vir onderwys en onderrig nastreef nie, maar hierdie graad het my ook toegelaat om nuwe vriende te maak, meer oor myself te ontdek en die grondslag te lê vir die loopbaan waarvoor ek lief is.

Die groot kundigheid van die toegewyde dosente het my in staat gestel om 'n afgeronde opvoeding op hierdie gebied te bekom en elke insiggewende gesprek oor die wêreld van opvoedkunde met my mentordosente het my toegelaat om tot 'n opvoeder met selfvertroue en begrip te groei.

Die hoogtepunt van hierdie vier studiejare was beslis die geleentheid om in die klaskamer met leerders te werk. Praktiese ervarings in die klaskamer, om waar te neem hoe leerders 'n nuwe wiskundesom verstaan, of glimlag wanneer hulle 'n nuwe konsep leer, het elke laat nag van studeer en al die harde werk aan my opdragte die moeite werd gemaak.

Die raad wat ek aan ander studente wil gee, is iets wat ek dikwels vir myself gesê het, naamlik om "jou 'waarom' te onthou". Wanneer dit moeilik gaan, of jy aan jouself begin twyfel, onthou altyd waarom jy in die eerste instansie doen wat jy doen – hetsy vir die liefde van onderrig gee, of vir die vreugde en liefde vir leer wat jy by jou leerders wil inskerp.

As ek oor my vier studiejare nadink, is ek diep dankbaar vir die herinneringe wat ek kon maak, en hoewel hierdie hoofstuk van lewe nou tot 'n einde loop, is ek opgewonde oor die nuwe hoofstuk as 'n onderwyser wat vir my voorlê!



**Victoria Nel**

Ek is diep dankbaar vir die lewenslange, kosbare studenteherinneringe. Hoewel daar uitdagende dae en goeie en slegte tye was, sal ek altyd die ontsaglike kennis, steun en kundigheid wat deur die ongelooflike dosente van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch oorgedra is, onthou. Hulle het by my 'n liefde vir leer ingeskerp en die belangrikheid van lewenslange leer beklemtoon. Hulle raad om voortgesette leer en die opskerp van vaardighede aan te gryp, om by die steeds veranderende behoeftes van die onderwys aan te pas en om alles wat ons doen met geesdrif aan te pak, sal my altyd bybly.

Daar is enkele belangrike mylpale wat vir my uitstaan. Die eerste is die ontvangs van die Rektorstoekenning vir Akademiese Uitnemendheid in my laaste studiejaar. Dit was 'n hoogtepunt van my voorgraadse jare om erken te word vir my akademiese sukses en my algehele betrokkenheid by en prestasies in die Fakulteit Opvoedkunde. Daarbenewens staan die geleentheid om my Universiteit en Fakulteit by die jaarlikse nasionale kongres van die Association for Mathematics Education of South Africa (AMESA) te verteenwoordig, uit. Deelname aan hierdie geleentheid was vir my 'n trotse oomblik, aangesien ek die hoofkennis en vaardighede wat ek in my wiskundelesings geleer het, aan gerekende beroepslui en leiers op die gebied ten toon kon stel. Laastens was 'n hoogtepunt van my studente-ervaring die geleentheid om lewenslange vriendskappe te smee en toekomstige netwerke op te bou.

My raad aan toekomstige studente is die volgende: moenie die tyd om wens nie. Voor jy jou oë uitvee, is vier jaar verby en staan jy op die vooraand van jou gradeplegtigheid. Koester elke oomblik.



**Keren Parker**

Hier waar my voorgraadse studies op Stellenbosch nou tot 'n einde loop, loop my hart oor. Oor die afgelope vier jaar het die Fakulteit Opvoedkunde 'n spesiale plek geraak, waar ek nuwe vriendskappe gesmee en gegroei het, nie slegs in kennis nie, maar ook as persoon.

As 'n eerstejaarstudent het ek dikwels gevoel dat almal om my sulke groot ambisies gehad het en so agtermekaar was. Maar ek het sedertdien geleer dat die meeste mense ook maar besig was om alles te ontsyfer en hulle bes te doen met die kennis en vaardighede tot hulle beskikking. Ek het ook geleer dat 'n mens se grootste bate die vermoë is om om hulp te vra en om nederig genoeg te wees om terugvoer te ontvang.

Onderwys gee is moeilik en niemand het al die antwoorde nie. Dit is nie 'n teken van swakheid om op ander te steun en raad te vra nie. Om 'n goeie onderwyser te wees, moet 'n mens eers 'n goeie leerder wees, een wat gewillig en gretig is om te leer. Dus, aan die voorgraadse studente wat oorbly – wees ontvanklik vir terugvoer, bly weetgierig en praat as jy sukkel.

In die Fakulteit was daar talle dosente wat my op my pad gehelp het. Ek wil my dankbaarheid teenoor elkeen van hierdie ongelooflike individue uitspreek. Hulle vrygewigheid met hulle tyd en hulle deernis het 'n blywende indruk op my gemaak.

Die kameraadskap wat hulle met die deel van vermaaklike stories uit hulle eie praktyk geskep en wat die klas laat skater het, is ook vir my kosbaar! Ek sien daarna uit om my eie snaakse stories te versamel en nuwe herinneringe te skep, waar ek in 2025 God se roeping beantwoord deur by die sendingskool op Villiersdorp onderwys te gee.



FOTO'S: George Jonker

# Transformerende idees bespreek by eerste TEDx StellenboschED-geleentheid

Die TEDxStellenboschED-geleentheid, wat op 22 Junie 2024 gehou is, was 'n samekoms van opvoeders, studente, innoveerders en denkleiers om transformerende idees in die onderwys te bespreek.

Die tema, *Ontluik: Koester Idees, Laat die Toekoms Groei,* was gerig op hoe die onderwys persoonlike groei, innovasie en gemeenskapsimpak kan aankweek. Met 140 aanwesiges, 11 sprekers, vier verhoogkunstenaars en verskeie interaktiewe werksaamhede, het die geleentheid die mag van die onderwys om verandering te inspireer, uitgelig. Die geleentheid was 'n klinkende sukses, wat ons doelwitte van dialoog aanvuur, innoverende idees deel en verbintenisse onder deelnemers vestig, bereik en selfs oorskry het.

**Visie:**
Om 'n vlagskipgeleentheid te raak wat die gaping tussen akademiese navorsing en gemeenskaps-betrokkenheid oorbrug, is TEDxStellenboschED daarop gemik om 'n diverse gehoor te besiel en te bemagtig deur die tentoonstelling van innoverende idees in die onderwys. Ons stel 'n medewerkende ruimte in die vooruitsig waar opvoeders, navorsers, studente en gemeenskaplede kan saamkom om 'n toekomsgedrewe dialoog te begin, wat die maatskaplike impak van die wetenskap en die onderwys tot voordeel van almal versterk.

**Tema en doelwitte van die geleentheid:**
Die tema, *Ontluik: Koester Idees, Laat die Toekoms Groei,* is met sorg gekies om die transformerende mag van die onderwys en die belangrikheid van die koestering van omgewings waarbinne idees kan groei en ontwikkel, te weerspieël. Dit het die toon aangegee vir 'n geleentheid wat optrede wou aanvuur en 'n nuwe benadering tot die aanpak van sommige van die onderwys se dringendste uitdagings wou bevorder. Die doelwitte het ingesluit die bied van 'n platform vir denkleiers, opvoeders en studente om innoverende idees en beste praktyke in die onderwys te deel en om medewerking en netwerkgeleenthede onder die aanwesiges aan te moedig. Daarbenewens kon ons ook nagraadse studente bemagtig om hulle navorsingsidees by die geleentheid te deel.

**Toekomsplanne:**
TEDxStellenboschED wil graag in die toekoms sy rol as 'n geregistreerde sosiale-impak-inisiatief verstewig. Deur te fokus op die inkorporasie van die geleentheid se video's en praatjies by onderrig in die klaskamer, sal ons opvoedkundige ervarings verryk en deurlopende innovasie aankweek, wat verseker dat hierdie transformerende idees 'n blywende impak op beide leerders en opvoeders sal hê. - *Delecia Davids*



*Nicci Glanville*



*Prof Jonathan Jansen*



*Jane Rossouw*



*Thabani Mtsi*





*Wayde Groep*



*Jana du Plooy*



*Jean Greyling*



*Roy Williams*



*Ella Gardiner*



*Judy-Ann Cilliers*

# Harde werk **beloon**

Die Universiteit Stellenbosch het die jaarlikse Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie aan die einde van 2024 toegeken. Die formele gala-dinee het die uitnemende prestasies van studente in die akademie en op ko-kurrikulêre gebied gevier. Fakulteit Opvoedkunde studente **Mieke Matthee** en **Victoria Nel** het toekennings vir akademiese uitnemendheid ontvang en **Ongeziwe Mali** 'n toekenning vir sport (hokkie).



*Mieke Matthee*



*Prof Madiba, Victoria Nel & Prof De Villiers*



*Ilhaam Groenewald, Ongeziwe Mali &, Prof De Villiers*

### Mieke Matthee (NOS-graduandus 2024):

**Verduidelik asseblief meer van jou toekenning.**
Ek het die Rektorstoekenning vir Akademiese Uitnemendheid in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ontvang.

**Wat beteken hierdie toekenning vir jou?**
Dit beteken vir my baie. Hoewel die ontvangs van die toekenning nie my hoofmotivering vir hard werk was nie, voel dit baie goed om 'n toekenning te ontvang wat 'n mens se harde werk erken en beloon.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Ek beplan om onderwys in rekeningkunde en ekonomie te gee.

**Waarom het jy besluit om onderwys te studeer?**
Ek dink onderwys is een van die mees vervullende loopbane. Dit bied my die geleentheid om elke dag 'n verskil in iemand se lewe te maak. Ek het die beste onderwysers gehad, wat 'n ongelooflike impak op my lewe gemaak het en ek weet dus wat dit vir 'n kind kan beteken wanneer 'n mens hulle ondersteun en waardeer.

"Ek dink onderwys is een van die mees vervullende loopbane. Dit bied my die geleentheid om elke dag 'n verskil in iemand se lewe te maak."

### Victoria Nel (BEd-graduandus 2024):

**Wat beteken hierdie toekenning vir jou?**
Die ontvangs van die Rektorstoekenning is 'n groot eerbetoon en getuig nie slegs daarvan dat ek my drome nagejaag het nie, maar ook van die harde werk, toewyding en moeite wat ek in die vier jaar van my voorgraadse kwalifikasie belê het. Ek sou dit nie kon bereik het sonder die waardevolle voorligting en steun van my ondersteunende dosente nie, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het op my reis om 'n opvoeder te raak. Hierdie toekenning spoor my aan om aan te hou streef na uitnemendheid in my toekomstige loopbaan as 'n opvoeder, waar ek hoop om 'n betekenisvolle impak op die lewens van my leerders te maak.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Ek wil graag my studies op die gebied van onderwys voortsit deur in 2025 vir 'n nagraadse program in te skryf. Dit sal my die geleentheid bied om my vaardighede en kennis verder te verdiep, waar ek my reis as 'n lewenslange leerder voortsit en daarna streef om die beste onderwyser moontlik te wees.

**Waarom het jy besluit om onderwys te studeer?**
Ek het aanvanklik vir BA Regte ingeskryf en het die kursus in 2020 begin, maar het gou besef dat dit nie met my ware strewe strook nie. Ek het verplig gevoel om die diepgewortelde passie wat ek nog altyd gekoester het, na te streef: om 'n onderwyser te raak en 'n betekenisvolle verskil in die lewens van ander te maak.

**Ongeziwe Mali (2024 derdejaar BEd-student)**

**Wat beteken hierdie toekenning vir jou?**
Hierdie toekenning is spesiaal. Slegs enkele mense ontvang dit en ek was geseënd om een van hulle te wees. Die kersie op die koek was dat ek in die laaste groep was wat dit voor sy aftrede van prof Wim de Villiers ontvang het.

**Waarom het jy besluit om onderwys te studeer?**
Ek het 'n passie vir onderwys. Ek het dit nog altyd geniet om te sien hoe die leerders se gesigte ophelder wanneer hulle iets uiteindelik verstaan. Dit bring vir my groot vreugde. Daarbenewens wil ek graag die narratief oor onderwys in arm gebiede verander.

**Vertel ons meer oor jou hokkiereis.**
Ek het in graad 4, toe ek tien jaar oud was, by die Laerskool Summerwood in Port Elizabeth begin hokkie speel. Ek het nie eens geweet wat 'n hokkiestok was, of wat die sport was nie, maar ek moes 'n LO-projek saam met my vriendin doen en sy moes gaan hokkie oefen voor sy huis toe kon gaan. Sy nooi my toe om saam met haar te gaan speel, omdat ons saam aan hierdie projek moes werk. My liefde vir hokkie het daardie dag begin en dit het nog nooit, ooit opgehou nie. Ek het op hoërskool aanhou speel en is in my onderskeie ouderdomsgroepe vir die onderskeie nasionale spanne gekies. Op 18 is ek vir die nasionale span vir volwassenes gekies. Ek het my debuut by die Statebondspele in 2018 gemaak en daarna op die ouderdom van 19 aan die Wêreldbeker deelgeneem. Daarna het ek 'n beurs ontvang om aan die James Madison Universiteit in Amerika te studeer en daar het ek twee jaar lank arbeidsterapie gestudeer. In 2021, het ek vir opvoedkunde by Maties ingeskryf. Van toe af speel ek vir die Maties se eerste hokkiespan. Ek het Suid-Afrika by die Olimpiese Spele in 2024 verteenwoordig as deel van die Suid-Afrikaanse Vrouehokkiespan.

**Het jy enige uitdagings ervaar en hoe het jy dit hanteer?**
Ja, ek het uitdagings in sport ervaar. Uitdagings soos uitsluiting uit die span weens fiksheid of uitsluiting uit die span weens beserings en natuurlik is dit nie lekker vir 'n atleet wat op elite-vlak wil presteer nie. Wat my die meeste gehelp het, was my geloof in God en my vertroue in die proses regdeur my reis, omdat ek geweet het dat dit wat my nie doodmaak nie, my sterker maak en met my geloof het ek geweet dat die Here planne vir my het – planne om te floreer, nie om my skade aan te doen nie, maar om vir my nuwe hoop en 'n nuwe toekoms te gee. Ek het dit met my saamgeneem met elke enkele uitdaging of swaarkry waarmee ek te doen gekry het en geweet dat daar 'n lig aan die einde van die tonnel was.

**Was daar 'n mentor/afrigter/onderwyser wat 'n positiewe impak op jou lewe gehad het?**
My afrigter uit my hoërskool, Jeanette Makkie, wat my gehelp het om die speler te raak wat ek tans is. Ons praat vandag nog oor die stelsel en oor wat op die veld gebeur wanneer ek speel en waaraan ek moet werk. Sy was so 'n onberispelike individu in my lewe en sy het so 'n wonderlike en groot rol daarin gespeel om van my die speler te maak wat ek is. Ek is altyd dankbaar om haar in my lewe te hê en sal nooit vergeet wie sy as individu en as mentor/afrigter is nie.

**Hoe handhaaf jy 'n balans tussen studies en sport?**
Ek balanseer my studies deur van my jaarbeplanner en my dagboek my beste vriende te maak. Ek hou van georganiseerd wees en weet wanneer die sperdatums vir opdragte en wanneer die toetse is. Dit help my in beheer van studies bly terwyl ek weg is. Dit is baie moeilik om 'n studente-atleet en 'n internasionale atleet te wees, aangesien alles baie veeleisend is, maar ek weet dat dit noodsaaklik is om seker te maak dat ek op datum met my akademie bly, sodat ek op die regte tyd kan gradueer. Ek sou dus beslis sê dat my beplanning vir die hele jaar aan die begin van die jaar en ook my beplanning van my dag die aand vooraf, deurslaggewend is.

**Enige raad vir jong sportsterre?**
Diep binne jou lê 'n saadjie van grootheid wat wag om te ontkiem. Elke persoon en elke speler het daardie saadjie in hulle. Dit hang van daardie speler of daardie persoon af of daardie saadjie gekoester word en of daar verseker word dat die saadjie tot 'n pragtige blom in 'n mens se lewe sal groei. Nog iets is om nooit op te hou glo in jouself nie. Vertrou altyd op God se tydsberekening.



JAN VAN ZYL



# Opvoedkunde Studentekomitee

## "Ons missie is om Fakulteit Opvoedkunde 'n tuiste weg van die huis af te maak."



Tyrese Human
Voorsitter



Revando van Wyk
Ondervoorsitter



Cathrine Nieuwenhysen
Sekretaresse



Lihle Shabangu
Tesourier



Bjorn van Sensie
Sosiale Impak




Ndikhokele Mgcineni
Transformasie



Sisipho Maliwa
Studenteverhoudinge



Stefney-Rose de Vries
Bemarking en
Beeldtransformasie



Vee Tshongweni
Professionele
Ontwikkeling



Wandile Mqadi
Geleenthede

Die Opvoedkunde Studentkomitee (OSK) vir 2024/ 2025 verleen erkenning aan, waardeer en omarm die stemme van alle studente in die Fakulteit Opvoedkunde. In ooreenstemming met ons kernwaardes van uitnemendheid, verantwoordbaarheid, integriteit, menswaardigheid en respek, en die bevordering van innovasie en eienaarskap, is ons verbind tot die voortbring van 'n medewerkende en inklusiewe omgewing in die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit Stellenbosch.

Gerig deur die beginsels van Luister, Betrek, Tree Op en Lewer (L.B.T.L.), beoog ons om 'n sterk, ondersteunende gemeenskap te bou wat studente bemagtig en hulle ervarings verryk. Ons benadering begin met luister na die bekommernisse en vrae van die studente. Dan betrek ons die studente om die beste manier vorentoe met oop dialoog en wedersydse respek te verken. Vervolgens tree ons binne ons kapasiteit op ten opsigte van hulle kwessies en laastens lewer ons die uitkomste aan die studente. Deursigtigheid en verantwoordbaarheid word deurgaans gehandhaaf.

Met die 2025 akademiese jaar in die vooruitsig, is ons visie daarop gerig om die bestuur, personeel, dosente en studente waaruit die Fakulteit Opvoedkunde bestaan, byeen te bring om saam daaraan te werk om 'n kultuur van vertroue, betrokkenheid en gedeelde doelwitte aan te kweek. Die OSK onderneem om oop medewerking in die omskrywing, beplanning en operasionalisering van inisiatiewe wat ons studente bemagtig, te fasiliteer. Ons missie is om 'n platform te skep waar studente se stemme nie slegs gehoor word nie, maar ook erken en gewaardeer word. Die OSK is daartoe verbind om die akademiese, sosiale en persoonlike welstand van studente te verryk deur die voorsiening van betekenisvolle geleenthede vir kommunikasie, medewerking en leierskapsontwikkeling.

Vir die 2025 akademiese jaar is een van ons hoofdoelwitte om studentebetrokkenheid in die verskillende departemente binne die Fakulteit te versterk. Ons beoog om sterker verbintenisse en groter vertroue tussen studente en fakulteitslede aan te kweek, om 'n omgewing te bewerkstellig waarin studente gemaklik en ondersteun voel in hulle interaksie met verskillende departemente. Hierdie rapport sal toeganklikheid versterk, eenheid bou en verseker dat studente met selfvertroue met die fakulteitslede kan omgaan.

As OSK-lede verstaan ons dat die posisie wat ons beklee 'n voorreg en 'n verantwoordelikheid is. Ons primêre rol is om die grondliggende welstand van die studente te dien en hulle ervaring oor die algemeen te verbeter. Hierdie posisie is nie in afsondering nie en ons is daartoe verbind om studente te betrek by die inisiatiewe wat ons vir die akademiese jaar wat voorlê, beplan het.

Ons nooi u uit om aan te sluit by ons missie om van die Fakulteit Opvoedkunde 'n tuiste weg van die huis af te maak – 'n plek waar elke student ondersteun, gewaardeer en bemagtig kan voel.

# 'n Dans om te onthou vir die vierdejaars van 2024



Die vierdejaarsdans, wat op die prentjiemooi wynplaas, Vredenheim, aangebied is in Oktober 2024, was 'n klinkende sukses. Dosente en finalejaarstudente het in 'n vreugdevolle atmosfeer byeengekom om hierdie spesiale mylpaal te vier. Die aand was gevul met lag, eenheid en 'n lewendige vertoning van diversiteit, met studente wat in die gees van medewerking saamgekom het. Hartlike dank aan die bestuurspan en dosente wat by ons aangesluit en die aand selfs meer gedenkwaardig met hulle teenwoordigheid gemaak het.

Ons wil graag almal wat daartoe bygedra het om hierdie geleentheid onvergeetlik te maak, van harte bedank en ons is ook dankbaar vir die gedeelde ervaring.

2023/2024 Geleentheidsbeplanner:
Nerisha Jagwanth
Platejoggie: Kurt Brown
Fotograaf: Abraham Jantjies














# Onderwysers se stemme maak saak

*- Dr Chrischar Rock*
*(Praktiese Leer Koördineerder)*

In 2024 het die Wêreld-Onderwysersdag se veldtog gefokus op *"Waardeer die stem van die onderwyser: Beweeg in die rigting van 'n nuwe sosiale kontrak vir onderwys".* Hierdie tema onderstreep die dringendheid daarvan om onderwysers te betrek by die uitdagings waardeur hulle gekonfronteer word, maar, belangriker nog, om die kundigheid en insette wat hulle aan die onderwys lewer, te erken en te benut. Om hierdie rede het die Praktiese Leer-span die personeel en ons onderwysstudente genader om hulle gedagtes en insette op hierdie belangrike dag in ons kalenderjaar te deel en uit te vind wat hulle as deel van die jaar se veldtog wou sê.




**Prof Michael le Cordeur**
Die staat se onlangse besluit om onderwysposte te verminder, het tot groot ongelukkigheid in onderwyssirkels gelei. Ek was self jare lank 'n onderwyser en ook 'n skoolhoof en ek weet dus dat daar 'n baie moeilike tyd vir onderwysers, skoolhoofde en pas afgestudeerde onderwysers voorlê. Ek is bewus van die negatiewe impak wat die aflegging van onderwysers op die moraal van die onderwysgemeenskap sal hê. Die hele proses is uiters traumaties vir onderwysers en lê die onderwys as geheel lam. Talle onderwysers, veral diegene wat onlangs afgestudeer het, begin aan hulleself en hulle vermoëns twyfel, wat die moraal verlaag. Ons sien al hoe meer dat jong onderwysers oorsee gaan om iewers anders 'n tuiste te vind.

Ek wil egter 'n beroep op ons onderwysstudente doen om gefokus te bly en om hier te bly. Maak seker dat jy so goed as moontlik kwalifiseer. Onderwys is een van die mees vervullende loopbane. As onderwyser het jy die potensiaal om met leerders op alle vlakke van hulle ontwikkeling om te gaan. Goeie onderwysers wil graag 'n rol speel in die vorming van die mense wat hulle leerders sal word. Jy kan dit doen deur hulle aan te moedig om hulle potensiaal te verwesenlik. Onthou: Onderwysers doen meer as net onderrig gee. Hulle probeer 'n verskil maak in die lewens van leerders – die volwassenes van die toekoms. Jou impak strek baie verder as net die klaskamer. Jy is 'n vriend, 'n mentor en 'n ouer.

## Ons het ons onderwysstudente gevra wat hulle van die 2024 Wêreld-Onderwysersdag se veldtog dink. Hier volg sommige van die reaksies:

"Vir my is die onderwys nie slegs 'n beroep nie; dis 'n vreugdevolle reis waartydens jong breine besiel, weetgierigheid aangewakker en 'n liefde vir leer aangekweek kan word. Elke dag is 'n geleentheid om 'n lewendige klaskamer vol lag, kreatiwiteit en die opwinding van ontdekking te skep. Onthou, die impak wat ons op ons leerders het, kan hulle toekoms vorm. Laat ons dus elke oomblik met geesdrif en 'n hart vol hoop aangryp!"

"Vir my is die onderwys 'n diepe roeping wat blote onderrig transendeer; dit behels die aanwakker van weetgierigheid, die koestering van kritiese denke en die vorming van gedagtes en harte. Dit verg die skep van 'n veilige ruimte vir kwesbaarheid en groei, waar elke leerder gewaardeer voel en aangemoedig word om hulle eie potensiaal te verken. Onderwys is 'n verbintenis tot lewenslange leer, vir my en my leerders, en 'n kans om 'n blywende impak op toekomstige geslagte te maak."

"Laat die kinders speel!" **– Carmelita Oosthuizen**

"Gebruik meer kuns, drama en interaktiewe, stimulerende aktiwiteite met alle leerders!"
**– Tayla Pflugler**

"Gee meer aandag aan wat die leerders sê en wat hulle beleef!" **– Carina Swart**

"Stel leerders in die grondslagfase aan diverse en multikulturele literatuur bloot. Dit behoort in alle klaskamers teenwoordig te wees."
**– Lauren van Coller**

**'n Integrale deel van die proses van 'n onderwyser word, is die skoolgebaseerde praktikum. Vanjaar het ons meer as 1 000 onderwysstudente in skole regoor die land gehad! Ná die skoolgebaseerde praktikum, word die grootste deel van ons tyd in Praktiese Leer bestee aan besinning oor wat geleer is en hoe ons ons ontwikkelingsreise as onderwysers-in-wording kan voortsit.**










*Studente tydens prakties by skole in 2024.*

## Ons het ons onderwysstudente gevra om hulle ervarings van en besinnings oor hulle skool-gebaseerde praktikum in 2024 te deel:

"Die mees vervullende aspek van my skool-gebaseerde praktikum was die geleentheid om my unieke onderrigstyl te ontwikkel en te verfyn, wat my in staat gestel het om op betekenisvolle wyse met leerders om te gaan en om 'n betrokke leeromgewing te skep."

"Toe die assessor vir my gekyk en gesê het: 'Ek sou jou aanstel as ek 'n skool sou stig.' Dat iemand my harde werk en liefde vir die leerders kon raaksien en erken, was waarlik spesiaal."

"Die mees vervullende aspek van my skool-gebaseerde praktikum was die geleentheid om betekenisvolle verhoudings met my leerders op te bou. Die waarneming van hulle individuele groei, die vier van hulle suksesse, en die bied van ondersteuning tydens uitdagings het my begrip van die onderwys as beroep verdiep en my verbintenis tot die skep van 'n inklusiewe, betrokke leeromgewing versterk. Elke interaksie het die beduidende rol wat 'n onderwyser in die vorming van 'n leerder se reis speel, uitgelig."

"Om deel te neem aan die vorming van leerders en te help om 'n verandering in so 'n kort tydjie te kon maak."

## Waar ons tot siens sê aan ons groep BEd-finalejaarstudente en NOS-studente, het van ons dosente 'n paar wyse woorde gedeel:

**Me. Lynn Chambers**
**In jou 'gereedskapskissie' as nuwelingonderwyser, hou gerus die volgende byderhand …** 'n betroubare mentor of kollega vir advies, ondersteuning, en aanmoediging soos nodig. Of jy nou 'n uitdagende klaskamerkwessie of 'n eindelose taaklys moet hanteer, of net stoom wil afblaas, dit is noodsaaklik om iemand te hê wat reeds daar was en die hoogtepunte en laagtepunte van onderwys verstaan.

**Dr Elzahn Rinquest**
**Ek wens ek het as nuwelingonderwyser geweet …** dat onderwys meer as net 'n werk is. Dis 'n transformerende ondervinding. Ek het gedink dit was 'n trapklip, maar dit het 'n lewensles geraak. Onderwys het vir my toewyding, empatie en die belangrikheid van luister geleer. Dit het die mag van outentiekheid en die diepgaande impak wat 'n mens op jong lewens kan hê, aan my gedemonstreer. Dit het my vir ewig verander.

**Me. Aggie Lebethe**
**In jou 'gereedskapskissie' as nuwelingonderwyser, hou gerus die volgende byderhand ...**
**Moed!!** Asseblief/Ndiyacela, baie daarvan. Hierdie moed-ding moet onder uit jou maag kom, uit die diepte van jou hart en uit jou brein, né. Hoor jy my?? Jy sal moet kan oorleef. En ek glo jy kan en dat jy SAL. Jy sal wiskunde gee, so asseblief, ek smeek jou, wees vol moed en glo dat elke kind kan presteer!!
**Kennis van die inhoud.** Ja!! Jy het baie hiervan nodig. As jy nie selfvertroue het nie, doen dan iets daaraan. Waarvoor op aarde wag jy? Ek verwag dat jy dit in jou gereedskapkissie sal hê.
**Vertroue.** Vertrou dat ek jou voorberei het om wiskunde te onderrig. Ek vertrou myself, maar vertrou jy jouself? Vertrou dat jy kinders wat wiskunde moet leer, kan lees en verstaan; vertrou op jou vermoë om te weet wat om te doen en vertrou dat jy weet hoe om die kleinspan aan te moedig om so goed as moontlik in die wiskundeklas te vaar. Waarom? Omdat hulle sal glo dat jy glo dat hulle kan presteer.

**Dr Shannon Bishop-Swart**
**In jou 'gereedskapskissie' as nuwelingonderwyser, hou gerus ...** die onderwyser se welstand in gedagte. Maak 'n punt daarvan om elke dag iets positief vir jouself te doen; hetsy mediteer, in 'n dagboek skryf, met 'n vriend of familielid gesels, of 'n entjie gaan stap. As jy nie jouself versorg nie, kan jy nie vir ander sorg nie.

## Ten slotte het ons van ons finalejaarstudente gevra watter raad hulle aan nuwe eerstejaarstudente in 2025 sou gee:

Onthou altyd die rede waarom jy gekies het om onderwys te studeer. **– Hannah Cable**

Gryp jou beroep met passie en entoesiasme aan. Vra vrae, soek helderheid en omarm elke geleentheid. Raak betrokke by jou gemeenskap en werk met mede-opvoeders saam. Neem jou dosente in jou vertroue – hulle is hier om jou te ondersteun. En onthou om nie uit te stel nie; gryp die dag aan en doen vandag nog wat jy kan, eerder as om vir môre te wag. Elke klein treetjie wat jy nou gee, kan tot beduidende groei en sukses lei! **– Paige Nass**

Moenie jou passie – die leerders – uit die oog verloor nie. Daar sal talle beleidsveranderinge en werklasuitdagings saam met onderwys gee wees, maar jy kan nie dat dit jou verhoed om jou leerders lief te hê en hulle na die beste van jou vermoë te onderrig nie. Onthou waarom jy begin onderwys gee het. **– Keren Parker**

Glo altyd in jouself. Vertrou op jou vermoëns en instinkte en onthou dat jou unieke perspektief van waarde is. Gryp uitdagings as geleenthede vir groei aan en moenie bang wees om te waag nie. Selfvertroue sal jou bemagtig om 'n betekenisvolle impak in die onderwys en verder te maak.
**– Jessica Hackett**

As ek oor die afgelope vier jaar nadink, is die beste raad wat ek kan gee, om jou mense op te spoor. Wees braaf en praat die eerste dag al met die persoon langs jou. Die twee meisies wat ek tydens die verwelkoming ontmoet het, het die vier jaar aan my sy deurgebring en is twee van my lewenslange beste vriende. Hulle het al die moeilike tye makliker gemaak en ek kan dink aan talle oomblikke wat ons so hard gelag het dat ons maagpyn gekry het. Die sleutel tot jou sukses, in jou beroep en jou persoonlike lewe, is 'n gemeenskap van mense wat jou ophef, wat onderwys studeer en ook diegene BUITE die Fakulteit. Geniet die reis, doen jou bes en wees jouself genadig. Vier jaar klink lank en uitdagend, maar as jy jou oë uitvee, is jy in die laaste kwartaal van die laaste jaar, op die drumpel van die volgende hoofstuk. Benut dus die leerkurwes, waar jy jou in ongemaklike ruimtes en plekke bevind, omdat jy die meeste in daardie situasies leer. In moeilike tye, onthou waarom jy hier is en wat jou laat besluit het om 'n onderwyser te word. Voorspoed en sien jou aan die ander kant! NS. Jy gaan BAIE geld aan koffie bestee, veral tydens prakties, so begin solank spaar! **– Victoria Nel**





*Studente tydens prakties by skole in 2024.*

# Dosent van die Jaar 2024 aangewys

Me Lynn Chambers, Prof Nuraan Davids en Me Agatha Lebethe is, volgens die studentestemme, die topdosente in die Fakulteit Opvoedkunde.



*Me Lynn Chambers*



*Prof Nuraan Davids*



*Me Agatha Lebethe*

## Me Lynn Chambers:

**Wat beteken hierdie toekenning vir u?**
Hierdie toekenning beteken vir my baie, omdat dit die vertroue, waardering en erkenning van my studente, wie se sukses vir my van groot belang is, verteenwoordig. As opvoeders sien ons selde die volle rimpeleffek van ons werk, maar ek herinner my gereeld daaraan dat 'n onderwyser aan die ewigheid raak – ons weet nie waar ons invloed eindig nie (Henry Adams). Wanneer ek onderrig gee, voel ek nie slegs die teenwoordigheid van my studente in die klas aan nie, maar ook dié van die duisende kinders wie se lewens hulle sal vorm. Hierdie toekenning herinner my aan daardie impak en moedig my aan om steeds daardie uitnemendheid na te streef.

**Wat geniet u die meeste omtrent klasgee?**
Ek hou van die dinamiese aard van hierdie werk. Elke lesing is 'n geleentheid om met die geleefde ervarings, idees, uitdagings en aspirasies van my studente om te gaan, terwyl ons saamwerk om die kennis, vaardighede en ingesteldhede wat hulle nodig het om uitstekende onderwysers te raak, op te bou. Die gedagte dat my werk tot hulle groei bydra en, op sy beurt, tot die lewens van hulle toekomstige leerders bydra, is ongelooflik vervullend.

**Wat spoor u aan om uit te blink?**
Ek word aangespoor deur die doelwit om my studente voor te berei om die beste te wees wat hulle kan wees. Die onderwyswêreld is dinamies en ervaar snelle tegnologiese verskuiwings, terwyl daar steeds van onderwysers verwag word om in enige konteks doeltreffend te bly, ongeag die hulpbronne tot hulle beskikking. In 2024 het ek my studente begin afrig in die gebruik van generatiewe KI as werktuig om die dikwels oorweldigende werklas van onderwysers 'n bietjie ligter te maak. Ons het geëksperimenteer met aanportegnieke om die beste moontlike (SLIM!) lesdoelwitte – die hoeksteen van doeltreffende lesbeplanning – te skep. In 2025 sal ek dit na die gebied van differensiasie uitbrei, wat my studente sal toerus om tegnologie te gebruik om in enige gegewe les aan die behoeftes van al hulle leerders te probeer voldoen. Uitnemendheid voel soos 'n noodsaaklikheid, aangesien die vaardighede wat hulle hier leer, hulle alledaagse lewens as onderwysers en die lewens van hulle leerders sal beïnvloed.

**U raad aan studente?**
Gee voorkeur aan die leerproses en omarm die reis na onderwyser word, ten volle. Bestee soveel tyd as moontlik tydens u voorgraadse jare in skoolomgewings (bv. doen vrywilligerwerk in sosiale impakprogramme, verleng u waarnemingsperiodes waar moontlik, rig 'n sport af of bied 'n ander buitemuurse aktiwiteit by 'n plaaslike skool aan). Identifiseer onderwysers wat u bewonder en leer soveel as moontlik van hulle. En bowenal, onthou dat onderwys 'n invloedryke beroep is: u werk vorm die toekoms.

## Prof Nuraan Davids:

**Wat beteken hierdie toekenning vir u?**
Ek is verootmoedig en geëer deur hierdie toekenning, omdat dit toon dat ek daarin geslaag het om die skoonheid en mag van onderrig te demonstreer. Onderrig is 'n emosionele proses; dit hang sterk af van hoe die onderwyser met sy studente skakel, hoe hulle nie slegs oor die vak nie, maar ook oor die onderwyser voel. Op sy beurt hang my onderrig van my studente af – hulle deelname, belangstelling en weetgierigheid. Dat ek op hierdie wyse vereer is, kan slegs beteken dat ek 'n wonderlike groep studente het.

**Wat geniet u die meeste omtrent klasgee?**
My studente, hulle jeugdige energie, hulle onwetende wysheid oor die wêreld om hulle en hulle moed om 'n beter wêreld te wil skep. Ek beskou die geleentheid om klas te gee as 'n geweldige voorreg. Ek dink nie daar is 'n groter voorreg as om klas te gee en met jongmense om te gaan nie. Elke jaar ontmoet ek nuwe groepe studente, uit tallose kontekste, met tallose verwagtinge en uitdagings. Daar is niks meer vervullend as om 'n pad saam met studente te stap en te sien hoe hulle in hulle denke, bevraagtekening en skryfwerk groei nie.

Ongeag die aantal studente in my klas, is onderrig 'n intieme ontmoeting. Dit behels veel meer as die deel van kennis. Dit is 'n ruimte van beraadslaging, debat, provokasie, frustrasie en lag. Dit is hoe ek my onderrig omskryf. Dit is wat ek van my onderrig benodig. Dit is die enigste manier hoe ek weet dat leer moontlik is.

**Wat spoor u aan om uit te blink?**
Om 'n betekenisvolle lewe te leef deur 'n verskil te maak, hetsy deur my onderrig of my skryfwerk. Ek is uiters bewus van die voorreg van my posisie en daarmee saam kom 'n baie groot verantwoordelikheid om in alles wat ek doen, beroepsgewys en persoonlik, 100% van myself te gee.

**U raad aan studente?**
Onderwys is 'n sagte beroep; dit vereis liefde, warmte, sorg, medelye en hoop. Wat 'n mens sê en hoe 'n mens diegene wat 'n mens onderrig, behandel, maak saak. Wees dus sag sodat u onthou sal word, nie slegs as 'n onderwyser nie, maar as iemand wat die goed in diegene wat deur u onderrig is, raakgesien en aangevuur het.

## Me Agatha Lebethe:

**Wat beteken hierdie toekenning vir u?**
Om as Dosent van die Jaar aangewys te word, is 'n groot eer en 'n verootmoedigende ervaring. Dit dui op die erkenning van my toewyding aan en passie vir die onderrig van wiskunde. Hierdie toekenning is nie slegs 'n persoonlike prestasie nie, maar getuig ook van die medewerkende pogings van my kollegas en die entoesiasme van my studente. Dit spoor my aan om steeds uitnemendheid na te streef en steeds innoverend in my onderrigmetodes te wees, om seker te maak dat studente die beste moontlike opvoeding ontvang.

**Wat geniet u die meeste omtrent klasgee?**
Wat ek die meeste omtrent klasgee geniet, is die geleentheid om studente te inspireer en by hulle betrokke te raak. Dit is ongelooflik vervullend om die oomblik waar te neem wanneer 'n ingewikkelde konsep vir 'n student sin maak. Ek hou daarvan om 'n leeromgewing te kweek waarbinne studente gemaklik voel om vrae te vra, krities te dink en 'n opregte belangstelling in wiskunde-onderwys te ontwikkel. Die dinamiese interaksie met studente gee my energie en hou my aan die leer, wat beide uitdagend en vervullend is.

**Wat spoor u aan om uit te blink?**
My hoofmotivering kom van my studente af. Hulle weetgierigheid, vasbeslotenheid en vordering spoor my aan om deurlopend my onderrigmetodes te verbeter. Daarbenewens spoor die ondersteuning en medewerking van my kollegas my aan om te innoveer en op die hoogte van die jongste opvoedkundige praktyke te bly. Ek word ook gemotiveer deur die impak wat doeltreffende onderrig op studente se lewens kan hê, deur hulle te help om 'n stewige grondslag vir hulle toekomstige loopbane en persoonlike groei te lê.

**U raad aan studente?**
My raad aan studente is om die leerproses met 'n oop gemoed en 'n positiewe ingesteldheid aan te gryp. Moenie bang wees om vrae te vra, of hulp te soek as dit nodig is nie. Onthou dat foute maak 'n natuurlike deel van die leerproses is. Bly weetgierig en wees proaktief in u studies. Glo in u vermoëns en moet nooit die mag van harde werk en toewyding onderskat nie.



# Aftrede: Dr Erna Lampen

## Dr Erna Lampen het aan die einde van 2024 afgetree. *Educatio* het met haar oor haar loopbaan en toekomsplanne gesels.

**Hoe lank was u by die Fakulteit Opvoedkunde en hoe het u loopbaanpad tot hier verloop?**
Ek was 10 jaar lank hier verbonde, en het van Wits se Skool vir Opvoedkunde af hierheen gekom. Ek het laat tot die akademie toegetree, eers op 40. Maar ek was my hele loopbaan by wiskundeonderrig betrokke, eers as hoërskoolonderwyser, en daarna as kleuter- en laerskoolonderwyser in die Montessoristelsel, en toe as fasiliteerder van basiese wiskundegeletterdheid vir volwassenes. My pad saam met Stellenbosch het in die 1980's begin, toe ek as medenavorser saam met Piet Human, Alwyn Olivier en Hanlie Murray gewerk en my meestersgraad onder Hanlie Murray gedoen het. Dit was 'n leerskool wat min beskore was, en wat my gevorm het. Daardie drie se nalatenskap in wiskundeonderwys is steeds groot, en wêreldwyd gereken, maar ongevierd by hulle eie alma mater. Saam met hulle kon ek leer om onderrigmateriale te ontwikkel, en my kennis en ervaring van pedagogie en didaktiek akademies ontwikkel.



**Kan u asseblief 'n paar hoogtepunte van u loopbaan uitsonder?**
Enige navorser wat nadenkend in die praktyk staan, is soms verwonderd oor wat hulle produseer – "Het ek dit geskryf? Piaget dink dan soos ek!" Dit is natuurlik tong in die kies gesê, maar die kere wat groot navorsers in my vakgebied by kongresse na my toe gekom het om te praat, en wat ek by werkswinkels van grotes kon ervaar dat my denke reg daar by hulle s'n was, was heerlik. Een spesifieke hoogtepunt was toe Anna Sfard tydens 'n werkswinkel by Wits vir my gesê het sy sien sy kan maar luister as ek iets sê! En my tesis vir my meestersgraad is in die biblioteek van die Freudenthal Instituut! Maar nog hoogtepunte is die paar briefies van studente wat deur die jare vir my geskryf het oor hoe hulle "koppe oopgegaan het".

**Wat sal u mis van die beroep en wat nie?**
Die akademie beloon 'n mens defnitief nie finansiëel nie – my Polo sal my tot my dood toe moet vervoer – maar die voorreg om na kongresse te kan gaan en só die wêreld te kan sien, is 'n voorreg wat ek sal mis. Ek sal nie die vervlakkende kompetisie mis wat in die laaste jare by universiteite aan die gang is nie. Dit is wat silo's veroorsaak, en mense mekaar laat wantrou. En ek onthou dat daar êrens in Klaagliedere die vraag gestel word – wat is dit nut van al die baie geskrywery? Ek het aan die einde van my loopbaan kon saamwerk met 'n internasionale groep wat 'n oorsig moes voorberei vir ICMI oor die onderrig van statistiek op skoolvlak. Ek was duiwelsadvokaat – wêreldwyd het akademici vir minstens 30 jaar hard gewerk om statistiekonderrig te hervorm, en tog moes Duitsers, Amerikaners, Japannese, Britte en Australiërs toegee dat, hoewel al die navorsing honderde doktorsgrade opgelewer het, dit min aan skoolpraktyk verander het.

**Het u enige toekomsplanne?**
Ek vind ek is nou so skerp soos 'n lemmetjie, en ek het nog baie om by te dra. Ek sal graag by onderwyseropleiding in die privaatsektor of as gemeenskapsdiens betrokke wil raak. Onderwys in ons land is weer by 'n bifurkasie, soos in 1995. Die res van die wêreld werk tans aan kurrikula wat statistiek en modellering en integrasie van leerareas vooropstel in 'n pedagogie wat leerders voortdurend laat ervaar dat leer slegs uit problematiek kan groei. Hier het ons, nes destyds, weer 'n klein venster van politieke wil tot verandering, maar ons is besig om dit te mis, omdat akademici en burokrasie mekaar vermy. Ek sal geleenthede soek om op besluitnemingsvlak 'n bydrae tot verandering te lewer.

**Enige wyshede/nuttige raad wat u met die tyd geleer het en graag wil deel?**
Goeie kommunikasie is baie moeiliker as wiskunde! Die wysheid dat dit beter is om te luister as om te praat, geld ook in wiskundeonderwys. 'n Mens kan 'n dier soos 'n bonobo, of 'n dolfyn, of 'n papegaai afrig om denkend voor te kom, as die afrigter genoeg geduld het om hulle oor en oor deur dieselfde passies te sit, en as die dier gereeld en genoeg beloon word. 'n Mens kan dit nie met mense doen nie. 'n Mens wil verstaan en sin maak. Dis 'n wanbegrip dat wiskunde net oefening is, en studente wat wiskunde verwerp het onder omstandighede waar hulle geleentheid ontsê is om te dink en te verstaan, toon hulle intelligensie deur die verwerping.

Ek tree af as 'n oortuigde konstruktivis, en vir my speel die epistemologie uit daarin dat ek aanvaar dat wat mense doen vir hulle sin maak, al is dit anders as wat ek sou verkies (en verkeerd, of vals in wiskunde). Kommunikasie en leer is net moontlik as ek poog om te verstaan watter sin dit vir hulle maak en om dan met daardie denke te werk. Om die lewe konstruktivisties te benader, behels maar eintlik net om jouself in die skoene en denke van 'n medemens te probeer plaas. Dit bring versoening.

Ons almal het sterk en swak eienskappe. Besluit om op kollegas se sterk punte te fokus en ondersteun hulle waar dit by swak punte kom. Dankie aan almal wat my swak punte (onder meer die gebrek aan die wil tot administratiewe orde en leë lessenaars) ondervang het!

Wat 'n mens in koerante lees, of onrus wat in gange gestook word, is selde wat werklik in gemeenskappe uitspeel. Ons is 60 miljoen mense in Mzanzi. Ek het nog nooit eers een miljoen mense bymekaar gesien, of van gelees of gehoor, wat vernietiging of haat stook nie.

# Aftrede: Me Sarie Wilbers



**Hoe lank was u by die Biblioteek/Fakulteit Opvoedkunde betrokke?**
01 Julie 1988 was my eerste dag by die Biblioteek. Ek is as vakbibliotekaris vir die Sosiale Wetenskappe aangestel. Destyds was dit nog die JS Gericke Biblioteek. Vanaf 06 Julie 2006, was ek die fakulteitsbibliotekaris vir die Fakulteit Opvoedkunde.

**Vertel ons asseblief van die hoogtepunte in u loopbaan?**
- Om fakulteitsbibliotekaris vir die Fakulteit Opvoedkunde te wees, al was ek in die begin skrikkerig vir 'n verandering. Ek is omarm deur die vriendelike, waarderende personeel van die Fakulteit.
- Studente waarmee ek 'n pad gestap het tot en met die suksesvolle voltooiing van hulle studies, laat my met groot dankbaarheid.
- Vyftig plekke se opskuif op die Times Higher Education World University Rankings 2023-2024 tot die top 200 fakulteite van opvoedkunde wêreldwyd.

**Wat sal u mis van die beroep en wat nie?**
My kollegas in die Fakulteit en die Biblioteek. Vernuwing is nie altyd lekker nie, maar tog noodsaaklik om as mens te ontwikkel en op die ou end besef u dit was ten goede. Nie mis nie: Verslae skryf; vroeg opstaan gedurende die wintermaande.

**Enige toekomsplanne?**
Ek gaan nie sukkel om besig te bly nie. Kuier, reis, lees, gemeenskapswerk en bokse en bokse foto's wat uitgesorteer moet word, gaan my goed besig hou. My man sal baie bly wees as ek hom in die tuin help.

**Enige boodskap aan kollegas of studente?**
Gryp geleenthede aan, werk hard maar probeer om 'n balans te handhaaf tussen beroep en/of studies en samesyn met geliefdes en vriende. Wat ek nastreef: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.

# Aftrede: Prof Michael le Cordeur

## Prof Michael le Cordeur, Visedekaan: Onderrig en Leer, het aan die einde van 2024 afgetree. Hy vertel van sy loopbaan en hoogtepunte.



*Prof Le Cordeur en sy vrou Sonia, saam met Prof Madiba.*

**Waar het u liefde vir onderwys en opvoedkunde begin?**
Ek het maar van kleins af skool-skool gespeel en my vyf boeties en sussies moes dit ontgeld toe ek vir hulle skoolgehou het. Maar so het ek ook my ouer broer geleer lees toe ek self nog maar 'n kind was. Vandaar die liefde vir lees. Ek het van kindsbeen af gesien hoe lees en onderwys wêrelde vir jou kan oopmaak. Ek het letterlik duisende boeke in ons plaaslike biblioteek gelees; 'n liefde wat ek by my ouers gekry het.

**Was daar 'n onderwyser wat u as kind geïnspireer het?**
Ja, daar was talle. Juffrou Sarena Samaai wat my leer lees het en mnr Ivan Samaai (haar swaer) wat 'n vaderfiguur vir my op hoërskool was. Albei het my potensiaal raakgesien en my geleenthede gegee. Dis ook Ivan wat voorgestel het dat ek die boek oor sy oudste broer, die tennislegende, Davey Samaai, moes skryf.

**Gee asseblief 'n oorsig van u loopbaan van die begin af tot op hede.**
My ma stuur my skool toe toe ek vyf en my ouer broer ses was, omdat sy nie met ons albei kon huishou nie. Toe slaag ons albei! Op 16 kry ek die geleentheid om as deel van die Wêreld Jamboree in Noorweë saam met die Boy Scouts na Europa te toer. Ek skryf matriek op 17 as deel van die klas van 1976. Ek het dus 16 Junie 1976 eerstehands beleef. Ons eksamen is ontwrig, ons skool is afgebrand, en ons kon eers later matriek skryf. Ek slaag desondanks steeds met 'n matrikulasievrystelling en 'n eerste klas (vandag 'n A-simbool) en kry 'n staatsbeurs om BA (Tale) aan die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) te gaan studeer – destyds die enigste universiteit waar ons as bruin mense kon studeer.

Hier studeer ek onder legendes soos prof Jakes Gerwel en prof Tony Links en prof Adam Small. Wat 'n voorreg! Ek raak ook by studentepolitiek en die swart bewussynsbeweging betrokke en neem aan protesoptogte deel. Adam Small staan saam met die studente wat tot sy skorsing lei. Ek sou daarna 'n lewenslange verhouding met oom Adam hê en dit is danksy hom en prof Gerwel dat ek 'n dosent in Afrikaanse letterkunde geword het. Daarna volg die Hoëronderwysdiploma (HOD) waarna ek gaan skoolhou by my alma mater, Bergrivier Hoërskool in Wellington. Dit was voordat alle bruin skole oornag met die trek van 'n streep na 'sekondêre skole' verander is. Ek studeer deeltyds verder met my klein salaris vir die honneursgraad en die BEd aan UNISA. Intussen word ek departementshoof (Afrikaans) en toe adjunkhoof van Weltevrede Sekondêr en op 37 word ek die jongste skoolhoof in Stellenbosch toe ek die leisels van Kylemore Hoërskool oorneem. Ek studeer steeds verder in kurrikulumstudie aan hierdie Fakulteit en verwerf die MEd-graad in 1992 met prof Arend Carl as




*Prof Le Cordeur en Lorraine van As (Departement Kurrikulumstudie: Senior Sekretaresse), die eerste persoon wat hy by Universiteit Stellenbosch ontmoet het en saam met wie hy 32 jaar lank gewerk het.*

studieleier. Ná my termyn as skoolhoof, word ek in 2000 aangestel as Stellenbosch en distrikte se Kringbestuurder van Onderwys waartydens ek 44 skole moes bestuur – 'n pos wat ek agt jaar lank beklee het. Intussen doen ek navorsing vir die PhD oor leerlinge se gebrekkige lees soos ek, as kringbestuurder, dit by skole in Stellenbosch ervaar het en verwerf die doktorsgraad in 2004 met dr Hannie Menkveld as studieleier. In 2009 maak ek die sprong na die Universiteit se Fakulteit Opvoedkunde en begin weer heel onder: as dosent, later senior lektor en hoof van Afrikaans in die Departement Kurrikulumstudie. Ek word bevorder na medeprofessor en uiteindelik volprofessor. Ek is, onder andere, voorsitter van die BEd-komitee toe dié program hernu is, en vir twee termyne voorsitter van die Departement Kurrikulumstudie. Daarna is ek vir nog 'n jaar voorsitter van die departement sowel as Visedekaan vir Onderrig en Leer. En nou tree ek af as Visedekaan van Onderrig en Leer ná 'n loopbaan van 15 jaar aan die US.

**Wat was die grootste hoogtepunte in u loopbaan?**
Dis moeilik om te sê: daar was die verwerwing van die doktorsgraad, om 'n skoolhoof te wees was vir my ouers 'n groot eer, en so ook om aangestel te word as professor. Maar ek glo dat enige onderwyser of dosent se grootste prestasies geleë is in hoe jou studente presteer. Toe my skool ('n arm landelike skool) se matrieks die eerste keer 'n 100% slaagsyfer behaal, het ek geswel van trots. Die sertifikaat hang nou nog in die skool se voorportaal. My eerste doktorale student was baie spesiaal en so ook my eerste boek wat verskyn het. Ek het talle toekennings ontvang: vyf rektorstoekennings, die kanselierstoekenning en 'n goue medalje van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Vir my was die Neville Alexander-toekenning vir my lewensbydrae tot Afrikaans die hoogste eer.

Nog 'n eer was toe Adam Small die Hertzogprys vir drama ontvang het. Hy het in sy huldigingswoord my naam genoem as iemand wat sy werk onder die studente by die US bevorder het; en toe Franklin Sonn nou die dag sy boek bekendstel, staan daar geskryf dat hy my erkenning gee dat ek van Kaaps 'n universiteitstaal gemaak het.




*'n Paar van Prof le Cordeur se gepubliseerde boeke.*

**Is daar mentors of kollegas of ander skrywers waardeur u geïnspireer is?**
Ek het verskeie mentors in my lewe gehad (en het sommige steeds): Sarena Samaai het my geleer om te lees en die waarde van lees as 'n bemagtigende vaardigheid by my ingeskerp; Ivan Samaai, my hoërskoolonderwyser met wie ek steeds bevriend is, wat my die deugde van aanhouer wen geleer het; my opvoedkunde-dosent, Brian O'Connell, wat voortdurend die belangrikheid van harde werk beklemtoon het; my Afrikaans-professor Jakes Gerwel wat 'n lewenslange liefde vir die Afrikaanse letterkunde by my gekweek het; my Filosofie-prof Adam Small wat my gemotiveer het om 'n skrywer te word; en Franklin Sonn, wat my die politieke spel geleer het.

**U is gereeld in die media – was daar 'n spesifieke onderhoud op radio of TV wat vir u uitstaan?**
Dis alles behalwe 'n eer. Jy kry baie haatspraak van mense. Niks staan regtig uit nie, maar ek beskou dit wel as 'n voorreg dat ek die geleentheid gegun word om my navorsing en my werk en menings met ander te deel danksy die media.

**U het baie toekennings ontvang – watter een beteken die meeste vir u?**
Soos hierbo gesê staan die Neville Alexander-toekenning uit. Die toekenning hang steeds in my kantoor. Alexander word beskou as 'n ikoon van die stryd en die Afrikaanse onderwys en is een van die min mense na wie Mandela geluister het. Saam met hom het ons die Wes-Kaapse Taalbeleid opgestel. Om dus 'n toekenning te ontvang wat na hom vernoem is, en boonop vir my werk waarvoor ek so lief is, is opwindend!

**U het verskeie boeke publiseer. Hoe gaan u te werk om 'n boek te skryf? Wat is die proses en hoe lank neem dit omtrent?**

Dit verskil. Geen proses is dieselfde nie. My eerste skoolhandboek het, byvoorbeeld, verskyn nadat 'n uitgewer van die skoolhandboekreeks 'n artikel oor my M-graad gelees het. Sy het gevra dat ek my M-tesis na 'n skoolhandboek moet verwerk. Die respons was oorweldigend en meer as een miljoen skoolhandboeke is landwyd verkoop. Toe volg die PhD-proefskrif en dieselfde gebeur. Daarna het die uitgewer my elke vyf jaar gevra om die handboekreeks vir Afrikaans Eerste Taal van graad 7 tot 12 by te werk. Toe volg 'n ander uitgewer en vra dat ek moet help skryf aan die eerste addisionele taal handboek. Die een ding het op die ander gevolg. Toe ek na die Universiteit Stellenbosch verskuif het, het ek agtergekom dat daar weinig handboeke vir Afrikaans Metodiek in Afrikaans beskikbaar is. Ek skryf toe ek 'n nuwe handboek saam met 'n paar kollegas. Ook vir navorsingmetodes was daar nie 'n Afrikaanse boek vir Afrikaanse studente nie. Toe vra ek 'n paar kollegas by ander universiteite om saam met my die handboek, *'n Gids vir beginnernavorsers*, te skryf. Ander boeke is letterlik oor jare geskryf: Die boek oor Davy Samaai het meer as drie jaar gesloer. Toe Covid in 2020 aanbreek, het ek my voorgeneem om die krisis as 'n geleentheid te gebruik om die boek klaar te maak. Toe duur die pandemie baie langer en ek besluit laat ek die boek sommer ook na Afrikaans vertaal! Ek noem die boek toe: *Covid: 'n Krisis met geleenthede vir die Onderwys.* En ja, as jy wil boeke skryf, moet jy tot siens sê aan slaap. Byna 80% van my skryfwerk word in die nag of vroeë oggendure gedoen.

**Watter raad of advies het u vir personeel en studente wat 'n loopbaan in opvoedkunde wil volg?**
Studente en jong onderwysers het die volste reg om vir 'n kind kwaad te word want jy is menslik. Maar die volgende dag moet jy dit agter jou sit, glimlag, vergewe en nuut begin. As jy dit nie kan doen nie, is jy nie 'n onderwyser nie en moet jy liefs iets anders gaan doen.

**Wat is u toekomsplanne? Gaan u nog by opvoedkunde of Afrikaans betrokke wees?**
Ek is aangestel as emeritus-professor; so ek sal beslis nog by die Fakulteit Opvoedkunde en nagraadse Afrikaanse studente betrokke wees. Maar nie voltyds nie. Daar is nog BAIE boeke wat geskryf moet word. Ek is ook reeds genader om konsultasiewerk vir NRO's te doen, soos die opleiding van skoolhoofde en beheerliggame. Ek is ook pas aangewys as nuwe voorsitter van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) en sien uit na my werk daar om 'n verskil te maak aan ons kinders se leesvaardighede met behulp van leesontwikkeling onder die jeug.

**Hoe sien u die toekoms van opvoedkunde/onderwys en Afrikaans in SA?**
Die toekoms van Afrikaans was nog nooit so rooskleurig soos nou nie. Net omdat dit op Stellenbosch kwyn, beteken dit nie die res van ons gaan ophou om Afrikaans te praat, skryf, sing en dig nie. Daar is reeds planne vir 'n Afrikaanse universiteit in my (Paarl-Wellington) omgewing. Oor die opvoedkunde en onderwys is ek minder opgewonde. Die agterstande in SA se swart en bruin skole is iets afgrysliks en dit gaan ons land nog duur te staan kom. 'n Kind wat nie op skool is nie, is 'n kind wat probleme vir ons almal gaan veroorsaak. Daarom moet die personeel van hierdie Fakulteit die erns van hulle werk besef. Ons kan slegs met onderwys die situasie omkeer.

**Noem drie dinge wat u graag doen buiten u beroep.**
Ek doen die afgelope tyd baie navorsing oor my stokperdjie, die kweek van krisante, waarmee ek al talle pryse gewen het. Ek sien uit om tyd saam met my vrou in die tuin deur te bring terwyl ek werk aan 'n Afrikaanse boek oor die kweek van krisante, want daar is nog nie so iets nie. Weens my werk het ek genoeg gesien van Europa, die VSA en die Ooste. Ek wil nou ons eie land verken deur die Namib-woestyn, die Victoria-watervalle en die Drakensberge met 'n 4x4-bakkie te besoek!

# Bewusmaking deur Sosiale Impak-week




*Prof Madiba en Fakulteit Opvoedkunde se Sosiale Impak-projekleiers.*

**Fakulteit Opvoedkunde het 'n Sosiale Impak-week aangebied aan die begin van Oktober 2024. Die verskillende projekte is 'n week lank uitgestal en 'n sosiale geleentheid is ook aangebied.**

Prof Melanie Moen, hoof van Sosiale Impak in die Fakulteit Opvoedkunde, en prof Mbulungeni Madiba, Dekaan, wou 'n geleentheid skep om studente en personeel oor die verskillende projekte wat deur die Fakulteit aangebied word, in te lig en wou ook deelname aanmoedig.

Belangstellendes kan die webwerf besoek vir meer inligting en kontakbesonderhede:

https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/sosiale-impak

**Projekte wat deur die Fakulteit aangebied word:**

- Basiese behoeftes vir beter onderwys
- Deernisvolle sorg om geweld by kinders te verlig
- Ek kan lees
- Mobilex
- Onderwyserkalmte
- In die rigting van bewysgebaseerde slimfoonbestuur in SA hoërskole
- Transnet-Phelophepa Gesondheidsorgtreine-projek
- Breede DigiCluster
- Gesinswiskunde
- Hoofkonsepte in Wetenskap
- SciMathUS
- Stellenbosch-hub
- Beroepsleer vir Onderwysers

'n Groot dankie aan Limnos Bakkery, Let's Meat en Henties wat die sosiale geleentheid geborg het.













*Personeel en studente by die Sosiale Impak sosiale geleentheid.*

*Links: Mnr Peters (US Afdeling Sosiale Impak), Dr Mhkize (Hoof van US Afdeling Sosiale Impak), Prof Madiba (Dekaan Fakulteit Opvoedkunde) en Prof Moen (Hoof Fakulteit Opvoedkunde Sosiale Impak).*


# **Gepubliseerde boeke**
deur Fakulteit Opvoedkunde personeel
2024





*Prof Peter Rule*





*Prof Yusuf Waghid*




*Prof Yusuf Waghid*




*Prof Andrzej Cirocki (buitengewone professor)*




*Prof Jonathan Jansen*




*Dr Zelda Barends*

https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education